



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inouguerele Redes Nr. 6

**METODOLOGIESE VERKENNINGE
IN DIE EKONOMIE**

W.J. Venter

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

METODOLOGIESE VERKENNINGE IN DIE EKONOMIE

PROLEGOMENA TEN OPSIGTE VAN HIERDIE BETOOG

Soos met verskeie ander modale wetskringe, het ook die ekonomiese in die verlede uitgebreide aandag ontvang ten opsigte van die fundamentele bepaaldheid daarvan. Hierdie benadering was meestal eensydig, dit wil sê of te sterk benadruk vanuit die wysgerig-etiese standpunt sonder voldoende konsiderasie van die ekonomiese, of 'n oorwegend ekonomies-pragmatiese standpunt sonder voldoende aandag aan die fundamenteel wysgerige. Dit is nie slegs noodsaaklik om 'n sinkern vir die ekonomiese te bepaal wat alle ekonomiese aspekte of handeling sal dek nie, maar kragtens die christelike apriori van hierdie universiteit, is dit noodsaaklik om die fundamentele bepaaldheid van die ekonomie vanuit die christelik-gelowige belydenis te benader. Beskouing omtrent die ekonomie soos die teorie van keuse-handeling, die leer van alternatiewes of die logika van beslissinge, is almal eensydige beklemtoning van 'n aspek van die geheel. Hoewel Van Riessen van mening is dat die inhoud van die ekonomiese volgens huidige omstandighede te ruim geneem word¹⁾, is al die genoemde beskouing omtrent die ekonomie, wat genoem kan word, mikro-spektrumaties, dit wil sê die punt van waarneming is so digby die objek dat die beeld van die volle spektrum verlore gaan. Andersyds, ten spyte van Brillenburg Wurth se mening dat dit in die ekonomie gaan om die mens en sy goed en sy arbeid op so 'n wyse dat die mens voorop moet staan²⁾, het meeste beskouings omtrent die ekonomie in die verlede die mens dermate in die middelpunt gestel dat dit ongekwalfiseerd as humanisties bestempel kan word — 'n uitgangspunt wat nie gerym kan word met die teosentrisiteit van die christelike geloof nie.

Na aanleiding van die sentrale probleem wat in die verdere betoog belig sal word, het ek die bespreking as volg verdeel: vooraf 'n aanduiding van die noodwendigheid van 'n wysgerig-prinsipiële bepaling van die sinkern van die ekonomiese, nie alleen vir die bepaling van die wese van die vakwetenskap, Ekonomie, nie, maar om sy samehang met die ander wetenskappe te bepaal; 'n beskouing omtrent menslike handeling, al gaan dit slegs oor 'n bepaalde faset daarvan, verg vanselfsprekend 'n kennis van die wese en bestemming van die mens, terwyl 'n wysgerige antropologie noodwendig weer aan 'n bepaalde beskouing omtrent God gebonde is. Nadat enige aspekte van die mens in sy vertikale en horisontale betrokkenhede enigszins belig is, sal 'n beknopte kritiese oorsig van enkele verteenwoordigende beskouingswyses omtrent die wysgerige bepaaldheid van die ekonomiese aan die orde gestel word; teenoor die rasioneel-ekonomiese en die wysgerig-teologiese van hierdie beskouingswyses sal dan gepoog word om 'n eie standpunt te formuleer wat 'n beskeie poging sal wees om 'n transendente bepaaldheid in die

ekonomie tuis te bring; dit sal daarop neerkom dat die ekonomie beskou sal word as menslike antwoord op goddelike roeping.

Ten slotte sal enkele praktiese implikasies van hierdie diskussie kortliks gestel word.

DIE NOODWENDIGHEID VAN 'N WYSGERIG-PRINSIPIËLE BEPAALDHEID VAN DIE EKONOMIE AS VAKWETENSKAP

In sy inaugurele rede by die aanvaarding van 'n professoraat in Bybelkunde, stel S.C.W. Duvenage die verpligting tot christelike wetenskapsbeoefening, veral aan die PU vir CHO, as volg: „Dit is geen prerogotief van die teologiese wetenskap om met die Woord van God om te gaan nie. Elke vakwetenskap en elke dissipline daarin, moet hom ooreenkomstig die *In U Lig*-apriori van hierdie universiteit, oriënteer aan die Heilige Skrif as Gods onfeilbare Woord”³). Noodsaak hiertoe is die feit dat diegene wat die totalitêre koningskap van God erken, soos wat die PU vir CHO as universitêre inrigting geroep is om te doen, hom moet stel onder die tug van die Woord van God, en geen enkele verskynsel of aspek van die geskape werklikheid kan hieraan onttrek word nie, en dus ook nie die ekonomiese aspekte van menslike handelinge nie. Dit vereis dat die beoefenaar van die christelike wetenskap self deurdronge moet wees van liefdesywer vir Christus en Sy Evangelie; dat daar in sy hart die vlam van die geloof moet brand dat alles wat sy bestaan uit God het, (en vir niks onder die son is daar 'n ander bestaansgrond nie), noodwendig ook tot Sy verheerliking moet dien. Diegene wat dus glo aan die Koningskap van Christus sal radikaal moet meehelp aan die vestiging van die Koninkryk van God in hierdie wêreld. Om dit te kan doen sal diegene wat geroep is tot christelike wetenskapsbeoefening nie in 'n horisontale vlak met hierdie wêreld ingeskakel mag wees nie, maar moet getuig wie hyself is, wat hy glo en hoop en wat die basis van sy vertroue is. Dit gaan dus nie net om die noodwendigheid van die bepaling van 'n sinkern vir die ekonomie nie, maar om die bepaling daarvan volgens christelike belydenis. Te dikwels maak die beoefenaar van die christelike wetenskap hom skuldig aan die gespletenheid in sy geesteshouding van 'n belydenis van die sakrale terwyl hy die profane in sy daaglikse omgang met die wetenskap goedsikks erken en aanvaar. Christelike wetenskap sonder 'n innerlike christelike aandrag is onreëel net soos 'n belyding van die supremasie van God op alle lewensterreine sonder christelike wetenskap onreëel is. Goddiens wat veronderstel 'n dien van God met die hele verstand, met alle kragte, wat meebring 'n stel van jouself tot 'n lewende, heilige, Gode welgevallige offer, wat beteken 'n onvoorwaardelike vertroue op God, kan onmoontlik 'n neutrale wetenskap tot gevolg hê. As Skepper en Onderhouer van die ganse skepping rig God die mens fundamenteel op die soek van Sy

Koninkryk. Op hierdie roep moet die mens antwoord gee met sy volle lewe, ook sy wetenskaplike lewe, en so word die mens ingeskakel as medewerker in die koms van Sy Koninkryk, hoewel God, kragtens Sy soewereiniteit en Almag die menslike medewerksaamheid nie nodig het nie⁴).

Waar dit tot eksplisiete taakstelling gereken word om die ekonomie in die toekoms aan hierdie universiteit te ontsluit op basis van die geloof in God as Skepper en Onderhouer van hierdie wêreld, is dit egter die gangbare opvatting om die Ekonomie as vakwetenskap te verklaar uit die praktyk van die ekonomiese lewe. So 'n immanente benadering moet noodwendig tot 'n empiristiese of pragmatiese ekonomie lei wat sy fundering in die mens het. Dit beteken dat die Ekonomie aan die gesag van die Woord van God onttrek word en dat dit daarmee elke moontlike vorm van vastigheid in sy basis verloor. Dan is dit nie meer die wysgerige basis van die wetenskap wat die menslike handeling rig nie, maar die menslike handeling wat die wysgerige basis bepaal, met ander woorde die norm vir die ekonomiese handeling word dan in die mens self gesoek. So 'n gesekulariseerde basis vir 'n wetenskap moet noodwendig lei tot die geskarrel op soek na vastigheid wat vir die Ekonomie duidelik waarneembaar is in die insiggewende werk van I.M. Kirzner, *The Economic Point of View*. Nie in die immanensie filosofie nie, maar in die openbaring van God in Christus⁵) lê die enigste suiwer en vaste grond vir wetenskapsbeoefening. Om uit die immanente te leef en die transendente te verwaarloos, of selfs net ondergeskik te stel aan die immanente, skep eindelose verwarring soos die pogings om die fundamentele motief van die ekonomie in die verlede te verklaar, duidelik bewys. J. Ridder wys op hierdie futiele worsteling in die verlede onder vakekonomie as hy verklaar: „Sinds Adam Smith hebben vele groote geesten getracht den gang van het economisch gebeuren te verklaren. Nog steeds worstelen de theoretici met vele diepe en moeilijke vraagstukken op dit gebied. Zij brengen het in de worsteling heel ver en weten veel, wat geheim leek, te verklaren; maar nimmer zullen zij, tenzij het werkelijk gebeuren word geplaatst in het licht van Gods Woord, bij het geven van deze verklaringen tot een sluitend systeem kunnen komen, hoe ijverig zij er ook naar zoeken, omdat er op deze zondige wereld zelf geen sluitend economisch systeem bestaat. Slechts Gods systeem is sluitend”⁶).

Daar moet egter gepleit word vir 'n „christelike realisme”⁷) by die verklaring van die fundamentele sin van die ekonomiese nie slegs die trekke van God se genadige bemoeiing met Sy skepping ten spyte van die sondeval moet onder oë geneem word nie, dit is sake soos die bloei van die handel en industrie, die styging in indiensname en volksinkomste, die verhoging van die lewenspeil, die ontwikkeling van agtergeblewe gebiede, die ontdekking van steeds meer aardse hulpbronne, die ontwikkeling van organisasie en tegniek wat 'n beter ontsluiting van die hulpbronne moontlik maak; daar moet ook in gedagte gehou word die simptome van sondeverdorwenheid weens

die val van die mens: sake soos armoede, hongersnood, werkloosheid, werkstaking, konjunktuurkrisisse en uitbuiting. Daar moet dus nie net uitgegaan word van welvaart nie, maar ook van skaarste, nie net van oorvloed nie, maar ook van tekorte. Deur die sondeval is die waarheid in die skepping verberg, nie verdring nie, is die harmonie versteur, nie opgehef nie. Dit is die taak van die wetenskaplike denker om die waarheid en die harmonie te bepaal⁸⁾. Kragtens die christelike beginsel kan dit slegs deur die genade van God uit God tot sy verheerliking geskied.

DIE MENS IN SY VERTIKALE EN HORIZONTALE BETROKKENHEDE

Waar dit in die Ekonomie gaan om menslike ekonomies-gekwalifiseerde handeling is 'n wysgerige antropologie onvermydelik hoewel dit vir die ekonoom meebring wat prof. T.P. van der Kooy noem as die gevare van „amateuristies filosoferen”⁹⁾. Dit is egter onmoontlik om 'n eie terrein vir die Ekonomie te onderskei indien 'n grondige kennis van die antropologie, die ontologie en die kosmologie dit nie vooraf gaan nie¹⁰⁾. Die mensbeskouing is egter weer afhanklik van 'n bepaalde standpunt omtrent God.

Die besondere van die mens is die feit dat hy sy oorsprong in God vind van Wie hy ook die beeld dra. Dit maak die mens nie identiek aan God nie maar analoog aan Hom¹¹⁾, want God is Almagtig, Absoluut, Soewerein, Skepper en Wetgewer, terwyl die mens onselfgenoegsaam, afhanklik, skepsel en aan die wet onderworpe is. Deur die ganse Skrif word God voorgestel as die lewende en werkende God wat insluit skepping, onderhouding en regering. Hierdie werke is nie slegs volkome nie, maar is groot, wonderlik en vreeslik en word tot stand gebring kragtens Sy soewereine Wil tot Sy persoonlike verheerliking. Ofskoon God na sy wese geen wêreld nodig gehad het om Hom te verheerlik nie, het Hy dit uit vrye wilsbesluit volvoer en is dus volkome immanent.

By die vraag na die sin van die ekonomiese, moet die mens gesien word in beide sy verhouding tot God en die wêreld, want ons vind die bestemming van die mens apriories in die Koninkryk van God, terwyl die wêreld met sy latente vermoëns (Van der Kooy noem dit „dinge”, dit is die gawe en kragte van die natuur en stoflike en onstofflike kultuurgoedere)¹²⁾ wag om deur die mens ontgin te word. Dit is geen reg van die mens maar kragtens God se neerbuigende goedheid enkel genade, onverdiend en onverpligt. God is eweneens nie van die mens se heerskappy oor die aarde afhanklik nie. Omdat Hy Algenoegsaam en Almagtig is, is Hy van geen enkele menslike optrede afhanklik nie, maar deur ontwikkeling, kennis en kuns, tegnologie en heerskappy vind ons steeds die ontvouing van die beeld en gelykenis van God waarvolgens die mens geskep is. Ook sy ekonomiese aktiwiteit is vir die mens slegs moontlik omdat hy die beeld van God dra en by die genade van

God leef. Dit is duidelik dat die mens in enige beskouing oor die ekonomie nie in die middelpunt kan staan nie, hoewel daar weinig beskouinge oor die sinkern van die ekonomie bestaan wat nie van menslike behoeftebevreëdiging uitgaan nie. Ons glo dat die mens in sy omgang met die stoflike ekonoom, dit is vormgewer, is, wat die bestaande omvorm of omskep, terwyl God in Sy verhouding tot die stoflike oorsprong, dit is Gewer en Onderhouer is. God skep uit niks; die mens kan slegs basiese substansie omskep.

Volgens christelike geloof is alles nie slegs uit God nie, maar al die geskapene vind ook weer sy bestemming in God, dit wil sê dit is tot Hom. God is egter nie net die eindbestemming van alle geskape dinge nie, maar ook die eksistensiële bestemming daarvan; dit wil sê solank die geskape dinge wesentlik bestaan moet dit ook dien tot verheerliking van Sy Naam. Alles moet dus meewerk tot die koms van Sy Koninkryk. Daar is dus nie slegs vir elke geskape feit 'n sekere transendente oorsprong nie, maar ook 'n sekere heenwys na die eindbestemming waar God alles sal wees en in almal.

Die mens vind dus sy bestemming nie in homself nie, nog minder in die aardse dinge, maar in die wêreld van die toekoms, dit wil sê aan die einde van sy aardse loopbaan. Watter doelstelling die mens ookal vir homself mag stel, alles is gesubordineer aan hierdie einddoel waarvan niks sekerder as dit is nie. Dit is duidelik dat die mens se lewe en lewenswandel, dus sy omgang met die dinge van die lewe, die stempel behoort te dra van sy sekere eindbestemming waarheen hy sedert sy geboorte onderweg is. Dit bring mee dat die mens se ekonomie-handelinge geen doel op sigself kan wees nie, en dat sy wetenskapsbeoefening van hierdie feit getuienis moet gee. Beide sy ekonomiese handelinge sowel as die wetenskap wat daardie handelinge verklaar, moet daadwerklik ingestel wees op die feit dat die mens pelgrim is op weg na die ewigheid; al ons dae en woorde, ons ganse lewenspraktyk moet die karakter van 'n loflied, 'n rysang tot eer van God dra¹³⁾.

Uit hierdie bespreking behoort dit op te val dat die mens in 'n goddelike roeping staan. Van Riessen verwys hierna as hy verklaar: „De mens moest de schepping behalve onderhouden, ook uitbouwen. Hij kreeg de opdracht te ontplooiën wat God daarin besloten had. Het ambt van de mens was, de scheppingsmogelijkheden te cultiveren”¹⁴⁾, en sodoende mee te werk tot die koms van Sy Koninkryk. Die stoflike dinge is dus geen einddoel vir die mens nie, maar middele om God te dien; dit kan hy slegs begryp indien hy homself as rentmeester sien, en geen skepper, besitter of wetgewer nie. Hy is primêr skepsel, rentmeester en wetsvolbrenger. „De zin van al het geschapene is godsdienst”, sê van Riessen voorts. „Het bestaat tot Gods eer en tot Zijn ondoorgroendelijk welbehagen”¹⁵⁾.

Dit is die omvattende menslike roeping tot heerskappy. Die roeping vir die gelowige impliseer nog meer: dit lê naamlik op die gelowige die positiewe taak om die gedagte van God se omvattende heerskappy op alle lewens-terreine uit te dra en te predik, om alles en almal te deurdring met die gees

van die Koninkryk van God. Dit verg veel stryd. Van Riessen sê: „Wie meent dat hij de dienst kan waarnemen zonder de strijd, zonder de antithese, komt aan de verkeerde kant van de baricade terecht”¹⁶⁾. Dit is meer as die stryd om die bestaan, die omgaan met die stoflike dinge. Dit is nie die stryd om die self nie; dit is die stryd om die vestiging van die Koninkryk van God in hierdie wêreld. In die Ekonomie gaan hierdie stryd nie om die ekonomiese handeling as sodanig nie, maar om die besef dat ekonomiese handeling taakvervulling moet wees.

God stel die mens dus voor die taak om die aarde voor te berei met die oog op die koms van Sy Koninkryk. Die wyse waarop die mens op hierdie opdrag (roeping) antwoord, is taak(roeping)-vervulling¹⁷⁾. Die taakstelling geskied deur die Woord van God; die taakvervulling geskied deur die mens se wyse van bestaan (eksistensie)¹⁸⁾. Op hierdie roepstem van God moet die mens antwoord; dit berus selfs nie in sy willekeur hoe en wanneer hy op die roepstem sal antwoord nie; hy antwoord op die tyd en wyse soos God wil sodat die mens inderdaad slegs plaasbekledend heerser is, dus selfs in sy antwoord op die goddelike roepstem, beheers word. Op die roepende stem van God gee die mens antwoord in alle lewenskringe en vervul hy sodoende sy primêre taak deur in sy diens aan God antwoorder te wees¹⁹⁾. Die vraag aan die mens is egter telkens verskillend, en op basis hiervan sal die antwoorde ook telkens verskillend wees. So word die moontlikheid geskep vir die bestaan van verskillende beroepe en die beoefening van verskillende wetenskappe.

Kragtens God se genadewerksaamheid met die mens, stel Hy egter nie net vrae nie, maar skep Hy ook die moontlikheid om die gestelde vrae te beantwoord. So verleen Hy nie alleen die mens sy vermoë en aanleg tot kennis nie, Hy skep ook die lewenskringe en aan die menslike relasies hul kenbaarheid. Wat meer is: deur God se erkenning van die mens as redelik-sedelike wese word die mens op 'n bepaalde vraag nie tot 'n eenselwige antwoord gedwing nie²⁰⁾ maar word hy telkens ooreenkomstig sy redelikheid en sedelikheid die vryheid van keuse gelaat om self sy verantwoordelikheid te bepaal. Op basis van hierdie keusevryheid en bepaalde tegniese omstandighede word die begrip „doelmatigheid” in die ekonomiese handeling, wat sommige tot sinkern vir die ekonomiese wetenskap wil aanvaar, bepaal.

Voordat nou volstaan word met bostaande gedagtes omtrent die mens se verhouding tot God en die medemens wat vir die bepaling van die sinkern van die Ekonomie belangrik is, moet kortliks gewys word op Van der Kooy se analitiese beskouing omtrent menslike roeping²¹⁾. Volgens hom is die mens geroep tot kennis, liefde en diens ten opsigte van God, die medemens, die eie (self) en die dinge. Die kennis, liefde en diens tot God sluit onder andere in die gebruik van Sy gawes en kragte in Sy Ryk neergelê. Die kennis, liefde en diens tot „die dinge” berus op 'n onderskeiding van die menslike lewensmilieu en die sorgsame aanwending daarvan tot verheffing van die

menslike lewe en samelewing. Die kennis, liefde en diens tot al vier die objekte gee die goddelike roeping wat voorstel „een simultaan streven naar verbetering van het levensmilieu, naar ontplooiing der eigen persoonlijkheid, naar gemeenschap, gerechtigheid en naastenliefde in de verhouding tot de medemens, terwijl dit alles dient te geschieden met een goed inzicht in de aard der dingen en door daadwerkelijke beschikking over de dingen”²²).

Hierdie siening van die mens se goddelike roeping kan ons ongekwalifiseerd aanvaar en is van die aller grootste belang vir die problematiek wat hier onder bespreking is. Die mens is dus geroep tot 'n verbetering van sy lewensmilieu, dit is heerskappy; toe beoefening van gerechtigheid en naasteliefde in sy verhouding tot die medemens; maar in sy verhouding tot God is hy geroep tot totalitêre diens, dit is met sy hele hart, sy hele verstand, sy hele gemoed en met al sy kragte. En om dit alles te verwesenlik moet hy insig hê en beskik oor „die dinge”, dit wil sê „die dinge moet nie slegs verbeterbaar wees nie, dit moet die mens ook in staat stel om gerechtigheid en naasteliefde te betrag, maar bo alles die mens lei tot diens aan God. So is die mens beelddraer van God ook deur „die dinge” waarmee God hom op die aarde gestel het; so help die dinge hom om sy hoogste roeping te volvoer.

Is hierdie omgang van die mens met „die dinge” tot verbetering van sy bestaansmoontlikhede, alles tot diens van die medemens en God, geen ekonomiese handeling nie? Is dit nie moontlik om die wese van die ekonomie te sien as roepingsvervulling nie? 'n Antwoord op die goddelike roepstem tot heerskappy oor die aarde nie?

BESKOUINGSWYSES VAN DIE FUNDAMENTELE BEPAALDHEID VAN DIE EKONOMIESE

Die sinkern van enige modale wetskring moet sodanig wees dat dit 'n omvattende tipering van alle handeling wat aan die bepaalde wetskring eie is, voorsien. Die mislukkings in die verlede om die ekonomiese modaliteit omvattend te tipeer, is hoofsaaklik te wyte aan die feit dat van 'n bepaalde „ekonomiese” handeling uitgegaan word ter onderskeiding van alle ander handeling van die mens. Hierdie ekonomiese handeling waarvan uitgegaan was, was gewoonlik aanvaar as in verband staande met die produksie van nuwe goedere en/of die moontlikhede om menslike behoeftes daarmee te bevredig. Lionel Robbins, byvoorbeeld, sê: „Economics has been divided into two main divisions, the theory of production and the theory of distribution...”²³). Afgesien van die feit dat die ekonomie met so 'n eng visie heeltemal verhumaniseer word en hier nouliks nog sprake kan wees van 'n goddelike roeping waarvan God die middelpunt vorm, is hierdie beskouing, wat genoem kan word, mikro-spektrumaties, dit wil sê die punt van waarneming is so diep binne die spektrum dat die volle kleurewêreld van die

spektrum uit die gesigsveld verloor word en die ekonomie beskryf word in terme van slegs 'n enkele ligstraal wat toevalligerwys die oog tref. Met so 'n uitgangspunt is dit natuurlik dat elke waarnemer, afhangend van sy besondere punt van waarneming, telkens 'n ander straal van die spektrum sal waarneem en die ekonomie uit daardie oogpunt sal probeer tipeer. Elke belig slegs 'n aspek van die werklikheid terwyl die volle sinsamehang van die werklikheid by hom verbygaan. 'n Beligting op 'n groter afstand (makro-spektrumaties) sal nie alleen alle brekingshoeke van die werklikheid binne die gesigsveld plaas nie, maar ook die nuanserende vervlegting en samestelling van die werklikheid openbaar.

Dooyeweerd, eksponent van die wysbegeerte van die wetsidee, sien die tiperende van die ekonomie as waarde-afwegende besparing van goedere wat slegs in 'n beperkte mate beskikbaar is. Hy visualiseer dus 'n skaarste-ekonomie – soos J.M. Spier dit stel: die spaarprinsiepe is altyd verbind aan die karigheid van dienstige goedere (middele)²⁴). Na mate dienstige (bruikbare) goedere eindig (beperk of skaars) is in verhouding tot die mens se oneindige (onbeperkte) behoeftes, word dit nodig om waarde-afwegend te bespaar deur behoeftes in orde van voorkeur te rangskik. Waardes van goedere moet dus afgeweg word teen die intensiteit van behoeftes. Is dit dan so dat 'n handeling minder ekonomies word na mate goedere minder dienstig is of na mate die middele minder beperk is?

Hierdie proses van bepaling van waarde van goedere na aanleiding van die beskikbaarheid daarvan, relatief tot die beskikbare middele, is deur Lionel Robbins in sy bekende werk *An Essay on the Nature and Significance of Economic Science*²⁵) volledig uitgewerk.

Waar Dooyeweerd die teenstelling in die verhouding tussen goedere en behoeftes eksplisiet stel as „waarde-afwegende besparing” blyk dieselfde oorweging by Robbins se definisie slegs by implikasie, hoewel hy dit ook elders eksplisiet stel in die volgende woorde: „Everywhere we turn, if we choose one thing we must relinquish others which, in different circumstances, we would wish not to have relinquished”²⁶).

Dooyeweerd en Robbins se standpunte is dus wesentlik dieselfde en het so 'n sterk aanklank onder vakekonomie gevind dat alternatiewe standpunte feitlik slegs die uitsondering vorm.

Kan hierdie skaarste-konsepsie van Dooyeweerd en Robbins in die huidige makro-ekonomie nog met realisme toegepas word? Die doelstelling is tans welvaartseconomie en geen skaarste-ekonomie nie. Owerhede poog om deur herverdeling van volksinkomste lewenspeile te verhoog; internasionale hulpverlening geskied sonder teenprestasie. Is 'n bestedingsprogram deur die owerheid vir die opheffing van deflasie werklik waarde-afwegend? Daarby skyn dit onreëel te wees dat in meeste westerse gemeenskappe 'n bepaalde goed prysgegee moet word ten einde 'n ander te verkry. Geld dit nie slegs vir 'n hoogs onderontwikkelde gebied nie? Of vir 'n ontwikkelde gebied by

'n buitengewone hoë lewensstandaard nie?

Dat waarde-afweging wel plaasvind in algemene menslike handelinge, val geensins te betwyfel nie, maar hierdie afweging is nie so tipies ekonomies dat dit die kern van die ekonomiese wetenskap kan vorm nie. Dit kan liever beweer word dat waarde-afweging as maksimalisasie van voordeel so tipies menslik is dat dit as 'n vorm van logika aan die analitiese kring verbind kan word. Tensy 'n persoon ander motiewe het, sal hy probeer om 'n bepaalde bestemming oor die kortste afstand te bereik. Dit is ook maksimalisasie van voordeel wat dieselfde is as die minimisering van nadeel.

Origens is die waarde-afwegingsprinsipe te antroposentries. Dit is die mens wat met sy middele en behoeftes in die middelpunt staan. Van Riessen sê: „Op het christelik standpunt zal de beweegreden van een mens verstaan worden uit zijn roepingsbesef. Het verschil is, dat op het behoeften-standpunt de zin van het leven in zelfhandhaving e.d., in het behoefteschema van de mens ligt, terwijl als de roeping leiding geeft, *de mens zichzelf daarvoor wegcijfert, ja, desnoods opoffert, en als hij een christen is, beheerst wordt dood zijn verantwoordelijkheid tegenover God...* (Dit standpunt) bepaalt wel een rangorde, naamlik die, waarin de roeping voorop gaat en de behoeften secundair zijn en beheerst zijn door deze roeping... (De beweegredenen van de mens) zijn bepaald door het besef en de inhoud van de roeping van de mens. *Hij leeft niet voor en om zichzelf, en zijn behoeften zijn daarom niet maatgevend.* 27).

'n Variasie op die tema van Dooyeweerd en Robbins is die standpunt van F.J. du Plessis in 'n onlangse diskussie in *Koers* tussen hom en prof. H.G. Stoker²⁸). Du Plessis se standpunt is gestel as 'n weerlegging van Stoker se bewering dat die fundamentele motief van die Ekonomie diens en nie wins is nie²⁹) en op basis waarvan Stoker tot die gevolgtrekking moes kom dat die ekonomiese wetskring 'n primêr eksterne en geen primêr interne bestemming het nie³⁰). Du Plessis meen dat die ekonomiese kring wel 'n interne bestemming het, naamlik maksimum behoeftebevrediging³¹) en beland daarmee in die dilemma dat die mens in sy siening sentraal figureer – 'n gevaar waarteen Stoker vooruit gewaarsku het³²). Du Plessis se weer „dat die keuse van doeleindes onderhewig is aan verskillende norme buite die mens geleë“³³) kon die beswaar van Stoker nie ophef nie; selfs die toepassing van „doelmatigheid“ as aanloop tot maksimum behoeftebevrediging kan die ekonomie nie uit sy mensgerigtheid verlos nie.

Wat Stoker se diensmotief as kernbegrip vir die ekonomiese betref hang dit af van die feit of dit diens met 'n noodwendige teenprestasie (vergoeding) of wel liefdesdiens is, waar die vergoeding, indien daar sprake van is, bloot insidenteel is. In laasgenoemde geval is dit moeilik as 'n ekonomiese gekwalifiseerde handeling te beskou en sou die diens liever aan die etiese kring toegesê kan word. As hier van diens sprake is, is dit voorsiening of voorsorgmaking soos 'n hoof van die gesin vir sy gesin. Indien die klem in

die dienshandeling op die vergoedingsaspek val, is dit moeilik om hierdie „diens” anders te beskou as behoeftebevrediging. Die kousale in die verhouding tussen twee individue is die bestaan van ’n behoefte by een van hulle; die diens is slegs die resultaat van die bestaan van ’n behoefte. By die diensmotief staan die *voorsiener* in die behoefte op die voorgrond en nie die *besitter* van die behoefte nie, *hoewel laasgenoemde die aanleiding is vir die bestaan van eersgenoemde.*

„*De zin van het economische*” was die onderwerp van prof. T.P. van der Kooy se inougurele rede by die aanvaarding van ’n professoraat in die Ekonomie op 6 Oktober 1950 aan die V.U.³⁴⁾ Hierdie sin van die ekonomiese is vir hom geleë in die „doelmatigheid bij de hantering van beskikkingsmacht over schaarse goederen”³⁵⁾. Hierdie „doelmatigheids . . .-idee is wat Hennipman as ’n „kenmerk” van die ekonomiese handeling aanmerk; Van der Kooy sien dit as ’n ekonomiese beginsel wat die *rigsnoer* van die ekonomiese handeling is, en dus geen doel, motief of voorwaarde daarvan kan wees nie. Hierdie *rigsnoer*, volgens Van der Kooy, is „het bereiken van een zo groot mogelijke behoeftenbevrediging met gegeven schaarse en alternatief bruikbare middelen”³⁶⁾ en hy beskou dit „als goddelijke opdracht aan de mens tot doelmatige beheer van de aardse goederen”³⁷⁾.

Wat bedoel was as ’n *rekapitulاسie* van hierdie menings, het Van der Kooy in ’n onlangse uitgawe van *Koers*³⁸⁾ gepubliseer, dog in sekere opsigte kan dit as ’n herformulering van vorige sienswyses beskou word. Dit is opvallend dat die sin van die ekonomiese hier meer as voorheen verbind word aan die idee van ’n „goddelike opdrag” aan die mens, dit is roeping. Die feit dat die mens geroepe is, so betoog Van der Kooy, is die oorsprong en sin van die lewe. Na die presiese inhoud van hierdie roeping van die mens is reeds verwys³⁹⁾; die mens is naamlik geroepe om kennend, liefhebbend en dienend te staan teenoor God, die medemens, die self en die dinge. In hierdie relasie kan hy sy lewensmilieu verbeter, sy eie persoonlikheid ontplooi, geregtigheid en naasteliefde beoefen, wat alles sal plaasvind deur die bystand van „die dinge”. Hierdie „dinge” is die gawe en kragte van die natuur en stoflike en nie-stoflike kultuurgoedere⁴⁰⁾. Die beskikking oor die dinge moet egter „doelmatig” geskied en hierdie doelmatigheid, wat hy nog as die sin van die ekonomiese bly handhaaf, is daardie beginsel van menslike handelinge wat doeleindes en middele sodanig saamvoeg dat die resultaat van die handelinge soveel moontlik gaan beantwoord aan die maatstawwe wat hy aanlê ooreenkomstig sy roeping soos hy dit in eie vryheid en verantwoordelikheid bejeen⁴¹⁾. Tot sy essense gereduseer, is Van der Kooy hiermee weer terug by wat Du Plessis noem „maksimale bevrediging van behoeftes” of „maksimale materiële voordeel”⁴²⁾. Die belangrikste toevoeging tot die bogenoemde omskrywing van doelmatigheid berus in die feit dat die doelmatigheid nou deur menslike roeping bepaal word. Feit is egter dat ’n blote „kenmerk” van menslike handeling, soos Hennipman dit noem, hiermee nog

beskou word as die wese van die Ekonomie. Die immanente inhoud wat hiermee aan die Ekonomie gegee word, doen onweldadig aan, terwyl die gedagte aan die roeping van die mens by die ekonomiese handeling hier roep om aksentuering. Dit is mos God wat die mens voor take stel; en die mens se ekonomiese besinning en handeling is mos een van sy moontlike antwoorde. Waar antwoord die moontlikheid van keuse impliseer, is dit mos moontlik dat die mens, ooreenkomstig sy insig, vermoë en aanleg, nuanseringe van dieselfde antwoord as antwoord kan gee. Met hierdie „nuanseringe van dieselfde antwoord” word bedoel verskillende grade van doelmatigheid in sy handeling. Hoewel die nuanseringe van die antwoord mag verskil bly dit nog antwoord, en die *grond* van die antwoord is die *vraag* (taak) wat gestel is, terwyl die vraesteller God is. As die sin van die ekonomiese *taakvolbrenging* is, is die mens se blik in sy ekonomiese aktiwiteit tot God gerig, en dit is essensieel, nie alleen omdat God die ganse skepping vir Homself opeis nie, maar omdat die mens beeldraer van God is.

'N PERSOONLIKE OORDEEL OOR DIE SIN VAN DIE EKONOMIESE: 'N MAKRO-SPEKTRUMATIESE BENADERING

Hoewel ek in die vorige paragraaf reeds blyk van my persoonlike siening van die Ekonomie gegee het, wil ek dit enigsins verder toelig. Soos voorheen aangemerkt, kom dit my voor dat die onvermoë tot bepaling van 'n omvattende kernbegrip van die Ekonomie in die verlede, te wyte was aan die feit dat daar vir hierdie doel, van 'n sogenaamde „ekonomiese handeling” uitgegaan is wat afsonderlik bestaan van alle ander handeling van die mens. Gewoonlik is aanvaar dat dit sintetiserend is, dit wil sê die verbinding van verskillende bestanddele (produksiefaktore) in die produksieproses tot die daarstelling van iets wat voorheen nie bestaan het nie; andersyds, is hierdie handeling beskou as dienslewering deurdat 'n bepaalde produk geskep word en dan vir menslike behoeftebevrediging beskikbaar gestel word, terwyl die mens anders daarsonder sou moes klaarkom.

Dit is duidelik dat hierdie binne die spektrum gestaan word om die spektrum te verklaar. *Behoeftbevrediging*, *dienslewering* en *waardeafwegende maksimalisasie van persoonlike voordeel* vorm almal strale (aspekte) van die spektrum, maar is nie die spektrum self nie. So 'n spesialiserende beskouing van die ekonomiese handeling laat die antisipatië en retrosipatiëe vlegtheid van die wetskringe waaraan die mens kragtens sy menswees deel het, buite beskouing. Die menslike handeling is geen geïsoleerde handeling nie, maar is ingebed in alle menslike optredes net soos die estetiese, die juridiese, die etiese en pistiese, ens. wetskringe deur antisipaties en retrosipaties in alle menslike handeling ingebed is.

Hierdie beskouing dat die ekonomiese handeling geïntegreer is met die

algemene menslike handelinge, is geen nuwe beskouing nie. Prof. Van der Kooy sê self: „(De) ekonomiese, waarvan wij de zin zoeken te benaderen, is een aspect van al het menselijk handelen en van alle menselijke instellingen... het economisch aspect komt in de werkelijkheid altijd tezamen met andere aspecten voor”. (43). Hy verklaar verder dat die wetenskap, Ekonomie, hom hoofsaaklik toelê op die bestudering van die „economisch gekwalifiseerde handelinge en instellings, en de daarmee rechtstreeks verband houdende verskijnselen, waarbij dus van belang is er rekening mee te houden dat ook niet-ekonomiese aspecten in die handelinge, instellings en andere verskijnselen aanwezig zijn” (44).

Gelykluidend verklaar ook Hennipman: „Economiese handelinge zijn in deze gedachtegang niet meer een op zichzelf staande categorie van handelinge... doch het ekonomiese is een *aspect* (van het handelen en wel een aspect dat bij alle of nagenoeg alle handelinge aanwezig is” (45)).

In resente tyd (1969) is dit J.E. Maher wat verklaar: „Economics is a particular angle from which things are viewed... Economists have long recognised that it is not a particular kind of human behavior that is to be called economic in nature. Rather it is the angle from which any behavior is viewed” (46).

Indien dit dan so is dat die ekonomiese handeling slegs 'n *aspek*, 'n *gesigshoek*, 'n *kwalifikasie* van algemene menslike optrede is, is daar dan nog sprake van doelmatigheid in die sin van „die grootste gunstige verskil tussen offer en opbrengs” (47) as die kernbegrip van die Ekonomie selfs al sou daar by die „ekonomiese beslissing” (waar die doelmatigheid ter sprake kom) nog rekening gehou word met ander norme? Die dilemma van die voorstanders van die doelmatigheidskonsepsie as kern van die ekonomiese, is die feit dat hul te diep vanuit die spektrum, dit wat hul insidenteel waarneem wil verklaar as simptome van die geheel van die spektrum.

Eers wanneer die ekonomiese 'n onderdeel van algemene menslike handeling beskou word, is die fokus op die mens in die opvatting van die kern van die Ekonomie deurgesny; dan geskied die beoefening van Ekonomie in praktyk en teorie nie meer uit deur en tot die mens nie, maar word die mens met sy praktyk en wetenskap van die Ekonomie 'n dienaar God ten goede. Dan is die mens nie meer oorsprong en bestemming nie maar God die Bron van al wat lewe en die einddoel van al die geskapene.

Uitgaande van die interne vervlegtheid van die ekonomiese met die ander handeling van die mens kan die Ekonomie as vakwetenskap dan gesien word as *die kennis omtrent die mens se roeping tot sistematiese ontsluiting van die inherent dog latente maar logiese moontlikhede tot menslike bestaan in 'n bestaansmilieu wat deur die sondeval grootliks verwring geword is*. Gereduseer tot sy essensie is Ekonomie dan roepings(taak)vervulling wat geskied as antwoord op God se roepstem (opdrag) tot beheersing van die aarde in sy latente materiële vermoëns. So gesien is elke menslike optrede

wat in verband staan met sy materiële bestaan, 'n ekonomiese optrede; of dit 'n predikant is wat Die Woord verkondig, 'n onderwyser of instrukteur in sy klaslokaal, 'n spoorwegrangeerder in sy rangeerwerf, 'n straatveër met sy besem, 'n fabrikant wat sy produksieproses met doelmatige beslissinge „dirigeer” – almal het deel aan die algemene spektrum van die ekonomiese lewe. Natuurlik is dit nie die primêre doel van die predikant, onderwyser, spoorrangeerder of straatveër om ekonomies aktief te wees nie, maar 'n *aspek*, 'n *gesigshoek*, 'n *kwalifikasie* van elkeen se handelinge openbaar elkeen se aktiwiteit as in 'n bepaalde sin ekonomies van inslag. Eindelik is die kring van die Ekonomiese wetskring met hierdie siening wyd gespan sodat feitlik die hele skepping met wat dit besit roepingsvervuld medewerksaam word aan die vestiging van die Koninkryk van Hom wat dit met hierdie doel geskep het.

Met die „menslike roeping tot kennis van bestaansmoontlikhede” word die mens in die perspektief gestel van primêre antwoordgewer op God se roepstem tot heerskappy soos in Gen. 1 verse 26 tot 29 vervat. Natuurlik dek dit nie sy volle roeping nie, maar wel in sover dit betrekking het op die ontsluiting en ontplooiing van die latente vermoëns van die skepping wat vir die mens moontlikhede inhou tot verbetering van sy bestaansmilieu. Dit moet beklemtoon word dat dit nie in die Ekonomie gaan om die moontlikhede van verbetering in die menslike bestaansmilieu nie, maar om die *roeping* om oor hierdie moontlikhede heerskappy te voer deur die mens self tot God se eer.

Die roeping tot kennis, in hierdie geval van sy bestaansmoontlikhede, is 'n verpligting wat die mens opgelê is en wat hy verplig is om na te kom. Die mens moet dus wetenskap beoefen, dit hoort tot een van sy spesifieke (besondere) take waarop hy antwoord moet gee⁴⁸). Die nakoming van hierdie taak in soverre dit menslike bestaansmoontlikhede betref maak die Ekonomie intern afgerond.

Dit is duidelik dat die ontsluiting van die moontlikhede tot menslike bestaan sistematies sal geskied na mate God se plan met Sy skepping in vervulling gaan. Sistematies laat God die mens insig toe in die wonderre van Sy skepping. Kennis en ervaring verbreed; tegniese apparaat stel die mens in toenemende mate in staat om hoogtes of dieptes te bereik wat voorheen ondenkbaar was. Sodanig sal die doelmatigheidsfaktor in die tegniese produksieproses tot steeds groter omvang neig. Dit beteken dat die doelmatigheids-konsepsie 'n relatiewe begrip is wat steeds nuwe inhoud en betekenis verkry oor verskillende tydsfases. Dit beteken verder dat die Ekonomie as wetenskap geen starre wetenskap is nie, maar dat studie en navorsing in die Ekonomie voortdurend onderhou sal moet word na mate die bestaansmilieu van die mens voortdurend sal verander. Dit impliseer geensins dat die Ekonomie as wetenskap slegs die historiese moontlikhede tot menslike bestaan *ex post* moet weergee nie; dit behoort intendeel tot die belangrikste

take van die Ekonomie om analities-onderzoekend in te dring in moontlik-hede tot groter en beter wyses van ontsluiting van die inherente dog latente vermoëns van die skepping wat God die mens potensieel tot beskikking gestel het. So kan die mens sy heerskappy oor die geskapene steeds verbreed en verdiep. Sweet en moeite is die mens se deel op 'n aarde wat weens die sondeval vervloek geword is, maar die mens is geroep om deur 'n rasioneel-doelmatigheidstrewende die sweet en moeite te minimiseer, en kragtens God se algemene genade en versoening in Christus, stel Hy die mens ook daartoe in staat deur 'n verdieping van sy insig en kennis. Hierdie ondeurgrondelike liefde en lankmoedigheid van God tot die mens behoort die mens te dwing om sy lewe te stel as 'n wierook-offer van dankbaarheid teenoor God. So 'n dankbaarheid behoort ook gestalte te kry in die mens se wetenskapsbeoefening, ook in die praktyk en teorie van die Ekonomie.

Wat hier beklemtoning verdien is die feit dat die doelmatigheidstrewende 'n deel vorm van die mens se roeping tot heerskappy oor die aarde, maar dit skyn nie realities te wees om hierdie rasioneel-doelmatige tot sinkern van die mens se ekonomiese aktiwiteite te verhef nie. Selfs 'n ondoelmatige aktiwiteit soos onder andere geopenbaar deur 'n onderneming wat 'n verlies lei deur foutiewe beslissinge of 'n bestedingsprogram deur die owerheid wat inflasionêre tendense tot gevolg het, kan moeilik van die ekonomiese kring uitgesonder word.

Die feit dat die ekonomiese nou volgens die voorgaande betoog verbind word aan 'n roeping van die mens, keer die blik van die mens om: waar dit voorheen in die Ekonomie aardserig, immanent, stoflik was, word dit nou Godegerig, transendent, ideëel. Die Ekonomie kan dus nie langer gesien word as die wetenskap van die stoflike dinge nie; dit word nou die wetenskap van die mens as geroepene om die stoflike aan sy wil en bepaling te onderwerp volgens die vermoë en insig wat God die mens kragtens Sy soewereine vrymag toebeskik. Die mens staan dus altyd voor die uitdaging, naamlik om die latente kragte van die skepping so doelmatig moontlik te ontsluit; hierin gaan dit nie om die doelmatigheid waarmee ontsluit word nie, maar die *roeping* dat hy moet ontsluit. Hierin gaan dit ook nie om maksimum bevrediging van behoeftes nie, maar om die feit dat die mens in die nakoming van sy roeping tot doelmatige ontsluiting ook sy behoeftes maksimaal kan bevredig en daardeur diens aan sy medemens en homself kan lewer.

ENKELE PRAKTIESE IMPLIKASIES VAN DIE VOORGAANDE BETOOG

Dit behoort duidelik te wees dat tydsgebrek dit onmoontlik maak om die volle omvang van die praktiese implikasies wat die voorgaande betoog te

voorskyn roep, hier aan die orde te stel. Die belangrikste aspekte wat as aktueel vir ons tyd gekwalifiseer kan word, wens ek kortliks hiermee toe te lig.

Ek meen dat die implikasie duidelik uit die voorgaande blyk dat 'n studie van die Ekonomie onmoontlik nie net pragmaties-eksistensieel kan geskied nie. Dit behoort sy aanvang te neem vanuit sy wysgerige basis en sy samehang met die ander vakwetenskappe wat almal sinsye is van die skepping waarin die mens verkeer en waartoe hy geroep is om plaasbekledend te regeer. In 'n land soos Suid-Afrika, met 'n geweldige ekonomiese potensiaal wat daag tot ontsluiting, is die verleiding groot om die universitêre onderrig van die Ekonomie uitsluitlik op die empiriese in te stel. J. F. Posthuma verklaar in hierdie verband: „De eigenlijke betekenis van de academische economische opleiding ... moeten wij zoeken bij de theoretische economie. Is het dan... van belang voor het practische economische handelen, dat men nauwkeurig op de hoogte is van de abstracte economische theorieën? Op deze vraag luidt het antwoord natuurlijk ontkennend. Het gaat hierbij in tegenstelling met het theoretische gedeelte van vele studie-vakken niet om de kennis, maar om het geen achter de kennis staat, want bij de studie van de theoretische economie spelen bepaalde factoren een zeer groote rol, die voor het practische handelen wezenlijke betekenis hebben”⁴⁹).

Natuurlik hou hierdie pleidooi tot behoorlike teoretiese fundering van die opleiding in die Ekonomie geensins in dat die empiriese en ervaringsaspekte van die ekonomiese praktyk in enige mate geringskat word nie; die pleidooi stel hom slegs in op 'n juiste chronologie en 'n juiste beklemtoning in die metodiek van die onderrig van die Ekonomie.

Die teoretiese onderrig van die Ekonomie aan die PU vir CHO vereis eger nie net 'n suiwer oordra van ekonomiese beginsels aan die studente nie, dog 'n benadering van hierdie beginsels uit die vaste basis van die Woord van God. Hierdie benadering verg meer as slegs die aanplak van 'n christelike etiket; dit sou die christelike beginsel belaglik maak indien enige profane benadering van 'n wetenskap slegs onder dekking van 'n Skriftuurlike verwysing gestel word. Hoewel die Woord van God geen wetenskaplike handboek is nie, sal daar in die onderrig aan hierdie universiteit telkens teruggegaan moet word na die Evangelie om daaruit die beginsel van die lewe te verneem en ons wetenskapsoefeninge by daardie beginsel laat geskied.

Origens is van belang, veral vir 'n gebalanseerde en dus doelmatige ont-plooiing van die Suid-Afrikaanse ekonomie, 'n erkenning van die noodsaak tot akademiese ekonomiese opleiding. Dikwels word van die valse voorstelling uitgegaan dat teorie en praktyk so wyd van mekaar verskil dat ekonomiese opleiding van weinig praktiese betekenis is; gevolglik word persone te dikwels in uitvoerende en bestuursposte benoem met geen of weinig ekonomiese opleiding. Dit is kortsigtig. Omdat die Ekonomie nie slegs die gehele nasionale ekonomie binne sy studieveld betrek nie, maar ook die internasio-

nale ekonomiese verhoudinge onder oë stel, is dit nie net gewens nie maar noodsaaklik dat enige student in die Ekonomiese wetenskappe nie sy studie as afgerond sal beskou voordat 'n volle drie kursusse in die Ekonomie nie in sy leergang ingesluit is nie. Na mate ons landseksonomie sy ekspansieneiging sedert die Tweede Wêreldoorlog moet konsolideer, of in geval van moontlike konjunkturale slapte in die toekoms, sal hierdie eis steeds meer dringend blyk te wees.

'n Enkele verdere aspek, as 'n uitvloeisel van die diskussie wat sover gevoer is, verdien die aandag. Dit het betrekking op die doelmatigheidseis in menslike handelinge, wat in die ekonomies gekwalifiseerde handelinge so 'n primordiale betekenis verkry dat sommige dit tot sinkern van die ekonomiese wil verhef. Dit wil voorkom asof hierdie aspek veral ten opsigte van blanke arbeid in ons vaderland, sy werklike karakter verloor (het). Daarmee word nie slegs bedoel dat 'n groot persentasie van ons beroepsbevolking net vyf dae per week professioneel aktief is nie, maar veral word die oog hiermee gerig op die gehalte van ons arbeid soos geopenbaar deur roepingsbesef, arbeidstrots, entoesiasme vir die eie werk, 'n bewustheid van die noodsaak van die stel van 'n navolgingswaardige voorbeeld aan nie—blanke werknemers, werk benede optimale kapasiteit, ens. Statistiek kan slegs 'n feitelike situasie aanwys terwyl 'n moontlike situasie onder gewysigde omstandighede nouliks statisties evident kan wees. Daarom kan dit wel bepaal word hoe produktief die Suid-Afrikaanse beroepsarbeid wel is, maar dit kan nie bepaal word wat die presiese optimum produktiwiteit sal wees indien die genoemde sake betreffende arbeid wel 'n eerlike en ernstige oorweging van vele blanke arbeiders sou geniet het nie. Die vraag is nie of ons tans net soveel of meer arbeidsure per werkperiode werk nie, maar of ons in ons broodwinning doen wat ons hand vind om te doen en 'n uur vul met sestig volgelaaide minute. Sonder om ons christelike belydenis 'n bespotting te maak, kan enigiets minder as dit nog as christelike roeping gesien word? Enigiets minder as dit is nie ekonomies doelmatig nie. In 'n land soos ons land, skatryk van moontlikhede wat roep om ontgin te word, moet arbeid sy verantwoordelikheid in transendente beligting, altyd doelgerig nastreef.

VERWYSINGS

1. VAN RIESSEN, H. 1953. Maatshappij der toekomst. 4e dr. Franeker, Wever. p. 96.
2. BRILLENBURG-WURTH, G. 1951. Het Christelijk Leven in de Maatschappij. Kampen, Kok. p. 24.
3. DUVENAGE, S.C.W. 1967. Die gesag van die Heilige Skrif. Potchefstroom, I.B.C.-uitgawe, p. 43-44.

4. BRILLENBURG-WURTH, G. 1957. Het Christelijk Leven. Kampen, Kok. p. 214.
5. RIDDER, J. 1944. Het geloof als datum. (*In* Economische opstellen aangeboden aan prof. mr. F. de Vries. Bohn, Haarlem, p. 446).
6. *Ibid.*, p. 447.
7. BRILLENBURG-WURTH, op. cit., p. 32.
8. RIDDER, op. cit., p. 446.
9. VAN DER KOOY, T.P. 1964. De zin van het ekonomiese opnieuw beskouwd. *Koers*, Julie: p. 21.
10. DU PLESSIS, F.J. 1963. Wysgerige grondslae van die Ekonomie vanuit vakwetenskaplike standpunt gesien. *Koers*, Maart: p. 286.
11. STOKER, H.G. 1958. Antropologiese wetenskappe en die beeld van God, *Koers*, Julie: p. 16.
12. VAN DER KOOY, op. cit., p. 16.
13. BRILLENBURG-WURTH, op. cit., p. 198.
14. VAN RIESSEN, op. cit., p. 92.
15. ID.
16. VAN RIESSEN, H. 1967. Mondigheid en de machten, christelik perspektief. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, p. 140.
17. STOKER, H.G. 1956. Praktiese Calvinisme. Pro Rege-Pers. Potchefstroom, p. 16.
18. BRILLENBURG-WURTH, G. 1957. Menschbeskouwing en Maatskapeljk Werk. Kampen, Kok. p. 32.
19. STOKER, H.G. op. cit., p. 16, asook STOKER, H.G. 1964. Menslike Vryheid. *Koers*, Jan-Febr.: p. 445; prof. Stoker sien God as die oorspronklike vraer terwyl die mens bestem is om oorspronklik antwoorder te wees; eers as die mens op God se vrae nie kan antwoorder nie (dit wil sê in sekondêre sin), word die mens vraer en God die antwoorder.

20. BAVINCK, H. 1908. Gereformeerde Dogmatiek. Kampen, Kok, p. 613.
21. VAN DER KOOY, op. cit., p. 14.
22. Ibid., p. 15-16.
23. ROBBINS, L. 1935. An Essay on the Nature and Significance of Economic Science. 2e uitg., p. 64.
24. SPIER, J.M. 1950. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Kampen, Kok, p. 90.
25. ROBBINS, op. cit., Op p. 16 stel hy dit as volg: „Economics is the science which studies human behavior as a relationship between ends and scarce means which have alternative uses”.
26. Ibid., p. 15.
27. VAN RIESSEN, op. cit., p. 300.
28. *Koers* vanaf September 1958 tot April 1959.
29. STOKER, H.G. 1958. Antropologiese wetenskappe en die beeld van God. *Koers*, Julie:16-17.
30. Om hierdie rede beskou hy die ekonomiese kring as primêr „onaf” — die *diens* waarvan daar by die ekonomiese sprake is, word telkens buite die ekonomiese kring gelever; die ekonomiese is dus vir sy bestaan van die ander kringe afhanklik: vide STOKER, H.G. 1958. Die interne onafheid van die Ekonomiese. *Koers*, Oktober:167. Slegs die ekonomiese kring vind sy afronding nie in homself nie terwyl dit wel die geval is met kerk, staat, volk, wetenskap, kuns, ens. Indien die beginsel van soewereiniteit in eie kring wel in berekening geneem word, heet die aangeduide eksterne bestemming (interne onafheid) van die ekonomiese die „teleologiese interne onafheid” van die Ekonomie: vide STOKER, H.G. 1959. Die interne afheid van die Ekonomie. *Koers*, Jan-Feb:259.
31. DU PLESSIS, F.J. 1958. Prof. Stoker se Antropologiese wetenskap en die beeld van God. *Koers*, September:109.
32. STOKER, H.G. 1958. Antropologiese wetenskappe en die beeld van God. *Koers*, Julie:17.

33. DU PLESSIS, F.J. op. cit., p. 111; ook in sy artikel: „Prof. Stoker oor die ekonomiese handeling”. *Koers*, April 1959, p. 366, verklaar Du Plessis: „doelmatigheid (die opvatting van Van der Kooy) is vir my 'n Godgegewe opdrag – en daarmee glo ek het ek my verweer teen enige kritiek dat die ekonomiese norm (soos deur my onderskryf), in enige sin humanisties is”.
34. VAN DER KOOY, T.P. 1954. Opgeneem as aanhangsel in sy *Over Economie en Humaniteit*. Wageningen, Zomer en Keunings, p. 171-190.
35. *Ibid.*, p. 186 e.v.
36. *Ibid.*, p. 186.
37. *Ibid.*, p. 187.
38. VAN DER KOOY, T.P. 1964. De Zin van het economische opnieuw beschouwd. *Koers*, Julie:12-23.
39. *Ibid.*, p. 15-16. Bespreek onder die mens se horisontale en vertikale verbinde.
40. *Ibid.*, p. 16.
41. *Ibid.*, p. 21.
42. DU PLESSIS, F.J. 1958. *Koers*, September:110 en 111 waar verwys word na Van der Kooy se *Over Economie en Humaniteit*, p. 27-28.
43. VAN DER KOOY, T.P. 1964. De zin van het economische opnieuw beschouwd. *Koers*, Julie:13.
44. Id.
45. HENNIPMAN, P. 1945. *Economisch motief en Economisch Principe*, Amsterdam, Noord-Hollandsche Uitgevers, p. 392.
46. MAHER, J.E. 1969. *What is economics?* New York, Wiley. p. 23 en 25 e.v.
47. DU PLESSIS, F.J. 1963. Wysgerige grondslae van die Ekonomie vanuit vakwetenskaplike standpunt gesien. *Koers*, Maart:291.
48. STOKER, H.G. 1969. Christelike wetenskap – 'n noodwendigheid

(*In Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Instituut vir die Bevordering van Calvinisme. Die Atoomeeu; 'in U lig'. Potchefstroom. p. 242).*

49. POSTHUMA, J.F. 1944. De betekenis van de theorie voor het economische handelen. (*In Economische opstellen aangeboden aan prof. mr. F. de Vries. Haarlem, Bohn. p. 131-132).*